Helena le Roux ☎ +27 (0)82 461 9753 ✉ jvralumni@gmail.com

# Opgedra aan George Stelzner (Matriek 1939)

| **Inhoud** | Bladsy |
|---|---|
| In memoriam | 2 |
| 2017 Reünies | 3 |
| Seniorstee | 4 |
| Quizaand | 6 |
| Jan van Riebeeckers presteer | 7 |
| Jan van Riebeeck Toneelgroep | 9 |
| Oudleerlinge presteer | 10 |
| Jan van Riebeeck entrepreneurklub | 12 |



Meneer George Stelzner, ons oudste Jan van Riebeecker, was 78 jaar gelede in matriek! Hy was op Jan van Riebeeck van 1938 tot 1939 en was ook 'n onderwyser vanaf 1950 tot 1961. Hy het ook die 29ste Augustus vanjaar sy 95ste verjaardag gevier. **Baie geluk meneer Stelzner!**

Sy broer, Heinz, was self 'n leerder vanaf 1948 tot 1949 en ook 'n onderwyser vanaf 1966 tot 1989.

Hierdie foto is by die Seniorstee geneem waar Jan van Riebeeckers onderhoude met hom gevoer het.

Hy het ook die Alumni-bankrekening geopen met R2000!

Hiermee saam het meneer Stelzner sy WP tennisbaadjie aan die skool geskenk wat nou trots in die argief hang.



In die foto hierlangsaan bewonder Nerine van der Walt die baadjie. Sy het haar Westelike Provinsiale en Suid-Afrikaanse kleure in tennis o/14 en o/15 onderskeidelik verwerf. Sy het in graad 4 begin tennis speel en is nou tans in graad 8.

Nerine het hierdie jaar met die Suid-Afrikaanse tennisspan na die VSA gereis.

# IN MEMORIAM

Ons wil graag ons innige simpatie en meegevoel met die families van die oudleerlinge wat oorlede is, toon.



## Hennie Serfontein (1933-2017)

Hennie Serfontein, oftewel JHP Serfontein, die naam waaronder hy meer as 40 jaar lank geskryf het, was nie net bekend vir die omvang en gehalte van sy verstommende joernalistieke werke nie, maar ook vir sy onverskrokkenheid en sy beginselvastheid wat hom uit die Afrikanerlaer van sy tyd laat tree het. Hy het in die vroeë 1960's in Suid-Afrika as die destydse Progressiewe Party se publisiteitsekretaris gedien en onder meer boeke getiteld *The Brotherhood of Power* (1978), *Die verkrampte aanslag* (1970), sowel as *Apartheid, Change and the NG Kerk* (1980) gepubliseer. Hy is ook so hoog geag in die buiteland dat die Nederlandse televisiestasie, IKON, verlede jaar 'n program oor hom, *Our man in South Africa*, uitgesaai het.

"Hennie kan in vrede rus: hy het enduit geleef en gewerk soos sy gewete aan hom voorgeskryf het."

(Verwerk van Anne-Marie Mischke se huldeblyk, *Afrikaner buite die laer.*)

## Henning Snyman




"Ek het hom 'n man met 'n ontsaglik ruim gees gevind. Hy was 'n wysgeer in murg en been, 'n warmhartige mens met 'n verstommende verstand en begrip van die letterkunde. Jare nadat hy my dosent was, was hy steeds my mentor." – Carina Stander

"Ek het my (in die sewentigerjare) altyd verwonder aan die presisie waarmee Henning sy lesings beplan en uitgevoer het - tot op die minuut. Dit was vir my net nog 'n voorbeeld van die respek waarmee hy sy medemens behandel het" Amanda de Stadler

"Vandat hy sy mond oopgemaak het, het ons aan sy lippe gehang en was ons tjoepstil in sy klas en was sy klas die hoogtepunt van die skooldag. Aan die einde van 1963 het hy die Afrikaanse pos by die Hoërskool Jan van Van Riebeeck aanvaar en my ouers oorreed om my Jan van Riebeeck toe te stuur vir my laaste twee skooljare. Só land ek aan die begin van st 9 in Die Rog saam met Mnr Snyman.

Mnr Snyman ons sal jou mis, maar sal jou altyd onthou vir jou nederigheid, meelewendheid, uitmuntende leermeester, jou uitmuntende bydraes tot jou vakgebied en bowenal as ware "gentleman"." – Gerard Bekker



## Herbert Jacobus Daniel Brand (1941-2017)

"Son, Husband, Father, Oupa, Dominee, Freedom fighter."

Ons gedagtes is met sy familie, Madeleine, Celeste, Daniel en Anthony.

# 2017 REÜNIES



Matrieks 1992 hou hul reünie by Welgemeend

**Boodskap van Herbert (Squash) Peter namens die matriekgroep van 1967 na hul 50-jaar reünie hierdie jaar (verwerk van oorspronklike):**

Dit was vir ons, as die 1967 Matrieks, 'n baie groot voorreg om na 50 jaar die reünie van ons matriekjaar te vier.

Een van die groot geleenthede was om direk te kon hoor hoe goed dit met ons skool gaan. Ons het so lank gelede die skool verlaat en ons geliefde almal mater kon intussen in ander rigtings ontwikkel het, maar ons is so bly en trots om te kon verneem waar die skool nou geposisioneer is – n ware baken in die nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap! Dit is voorwaar vir ons 'n groot blydskap en 'n baie groot trots.

Ons was baie beindruk met die feit dat Jan van Riebeeck so op die voorpunt van tegnologie in die onderwys is. Ook met die samestelling van die leerders en hoe hulle, komende uit sulke diverse agtergronde, so goed saam funksioneer. Ons het baie goeie hoop en vooruitsigte vir ons onderwys as julle so 'n voorbeeld stel!

Ook die stand van die pragtige geboue en die skoolgronde het ons beindruk.

Ons was ook mateloos beindruk met die Argief wat Helena opgebou het en ons bedank julle en die personeel vir julle insette hierin en ook in die skool in die algemeen.

Alles van die beste vir julle vir 'n pragtige toekoms. Mag die huidige matrieks, wanneer hulle by hulle 50-jarige reünie kom, ook so trots wees soos ons! Sterkte vir jou en die personeel vir die matriekeksamen en al ook die ander eksamens wat voorlê en dra asseblief ons gelukwensinge oor aan 'n puik groep onderwysers.

# SENIORSTEE



Ds. Kobus van der Westhuizen (hoofseun, 1949) wys vir ‘n Gr 11 leerder in die 1949 jaarboek hul onder 19A rugbyspanne se uitslae: Hulle klop SAKS 11-0, klop Marist 19-0, klop Wynberg 16-3, en klop HJS Paarl 12–3.

Vanjaar is die matrieks van 1939 tot 1962 genooi vir die Seniorstee. Dié alumni is hartlik verwelkom deur die leerders en trakteer op koffie, tee, en verversings wat deur die ouers voorsien is.

Die 22 Graad 11 leerders wat Engels as eerstetaal neem het die voorreg gehad om touwys gemaak te word in onderhoudvoering deur Amanda Botha (matriek, 1960) – ‘n gesoute joernalis. Hul taak was om twee–twee met spesifieke oudleerlinge of met ‘n spesifieke matriekklas te gesels.



Die leerlinge moes voor die tyd navorsing doen oor die individu of groep sodat hulle sinvolle vrae kon vra. Op hierdie wyse het die leerders meer te wete gekom oor nie net die oudleerlinge nie, maar ook die geskiedenis van die skool. Hulle het toe weer op hul beurt meer vertel oor hoe hul skooldag vandag verloop.

‘n Saalbeyeenkoms het gevolg met ds. Kobus van der Westhuizen (hoofseun 1949) as die hoofspreker waarna Louis Boshoff en Christoff Pauw aan die woord gekom het. Die skoolkoor het hul toegesing en die verrigtinge is afgesluit met die skoollied wat die alumni lustig saamgesing het – en nog ál die woorde geken het, al was dit ná 70 jaar! Hierna het 23 uit die 63 aangesit vir ‘n heerlike ete te Welgemeend.





Elana Janson (née Krüger) en Vivia Roux (née Swart, albei matriek, 1961) by ds. Kobus van der Westhuizen wat hul destyds in katkisasie gelei het.



Mev Heléne Truter (née Vaughan) word deur twee lede van die matriekraad geluk gewens met haar verjaarsdag.



Lené van Niekerk en Herculine Bekker was bevoorreg om na Gwen en Gawie Fagan (matriek 1942) se lewensverhaal te kon luister. Hy het byvoorbeeld vertel hoe hy onder andere daagliks met die fiets vanaf Nuweland skool toe gery het.




Lenore le Roux en Helene Truter née Vaughan (regs) was in 1945 in matriek. Hier sien hulle mekaar vir die eerste keer in 72 jaar!






**<u>Drie skoolhoofde van Jan van Riebeeck se kinders</u>**

Lenore le Roux (matriek, 1945) se pa, meneer NJ le Roux, was prinsipaal by HJvR vanaf 1940–1947.

Me. Jeanne Potgieter née Lambrechts (matriek, 1973) se pa, Hugo Lambrechts, was skoolhoof vanaf 1962-1968.

Louis Boshoff (matriek, 1990) se pa, Christo Boshoff, was skoolhoof vanaf 1985-1990.

# QUIZ AAND

Op Vrydag 15 September het om en by 45 oud-Jan van Riebeeckers met vriende en familie by die Klubhuis bymekaargekom vir 'n *pub quiz*. Die quiz meesters was Morné en Jac van *Dreadful productions* en daar was vier rondtes van tien vrae elk waar die verskillende spanne met mekaar meeding. Dit was baie pret en daar was tot vroeg in die volgende môre steeds gekuier. Dit is beslis die begin van 'n oudleerlinginstelling en ons sal baie graag volgende keer 'n groter verskeidenheid van verteenwoordiging van ouer alumnispanne wil sien. Kyk gerus uit vir die advertering van die volgende *Jan van Riebeeck pub quiz*, kry 'n paar lede van jou jaargroep saam en kom geniet die aand.






Baie dankie aan die borge van die aand:

**Etienne Terblanche** van Delheim Wines.

**Johannes le Roux** vir die Brandewyn en Coke.

Die geleentheid het **R5000** ingesamel wat gaan vir die Jan van Riebeeck beursfonds!

Baie dankie aan almal wat saamgespeel en geld geskenk het.



# JAN VAN RIEBEECKERS PRESTEER



By die jaarlikse prysuitdeling van die Tygerberg Atletiekklub ontvang Karl-Otto Matthee die beker vir die *Beste Junior Mansatleet* van 2017 en sertifikate vir *WP-Junior Kampioen Driesprong 2017* asook *WP-Junior Span 2017*. Links is Karl-Otto en sy afrigter van die afgelope 6 jaar, Mariana Meyer. Baie geluk!

Sophia Pienaar (regs, graad 8) het op 2 en 3 September aan die Wes-Kaap Provinisiale Kampioenskappe vir Ritmiese Gimnastiek in Wynberg deelgeneem. Sy het onder die top 5 geëindig, asook tweede posisie in twee individuele roetines verwerf. Sy kwalifiseer vir Wes-Kaap Provinsiale Kleure in Gimnastiek en neem deel aan die Nasionale Gimnastiek Spele wat vanaf 2 tot 7 Oktober in Pretoria plaasvind. Baie geluk, Sophia!







Baie geluk, Amy Atkins!



Hierdie student is tot die Suid-Afrikaanse netbalspan verkies. Sy is links in die foto hier regs.

Amy is ook verkies as lid van die Matriekraad vir 2018 en as hoofdogter van die Sop!



Verder het ons ‘n uitblinker op die taalgebied. Theodore Pauw (regs), is ‘n graad 11 leerling by Jan van Riebeeck en het 9de plek in die senior afdeling van die Suid-Afrikaanse Nasionale Taalbond Tweetaligheidseksamen behaal. Meer as 1600 leerders het landwyd deelgeneem.

Hy behaal verder 30ste plek in die Senior Nasionale Afrikaans Olimpiade.

Dit is werklik ‘n uitsonderlike prestasie.



Francois Theron, Emil van der Walt en Tiaan Theron (links) het op 26 Augustus WP Proewe geskryf, ten einde deel te neem aan die Suid-Afrikaanse Wiskunde Spankompetisie wat op 9 September plaasgevind het.

Emil was deel van die WP A-span en Tiaan in die WP C-span vir die Senior afdeling. Francois was die derde reserwe vir die Junior afdeling.

Emil was ook onlangs gesamentlik eerste in graad 10 van die Universiteit van Pretoria se Wiskunde Olimpiade!




Vier van ons leerders pryk op dié spogblad (regs) wat in Die Burger verskyn het! Emil van der Walt (tweede plek), Tiaan Theron, Jans Rautenbach en Willem Meiring maak ons baie trots met huil puik Wiskunde-prestasies. Dit is ‘n ongelooflike prestasie.




Die Pieter Kooij-finaal, wat die afgelope Saterdagaand by Welgemeend plaasgevind het, is 'n baie strawwe kompetisie wat net die top musiekleerders trek. Gerhard se tweede plek is 'n uitsonderlike prestasie! Baie geluk!

"Ek het in graad 4 klavier begin speel en het daarna nooit weer teruggekyk nie. Dit is wat my aan die lewe hou. Na hierdie jaar se 2de plek, hoop ek om volgende jaar die Pieter Kooij-kompetisie te wen!" Gerhard Joubert (graad 10)



Dis nie nét ons leerders wat presteer nie, maar ons ouers ook! Dokter Susan Vosloo, ma van die tweeling, Lila en Nina Ferreira (graad 11), was die eerste vrou in Suid-Afrika om 'n hartchirurg te word en sy word alom beskou as een van ons land se heel bestes. Sy is ook pas aangewys as Die Burger se Sake-ambassadeur van die Jaar! Voorwaar 'n uitsonderlike eer en prestasie.

Baie geluk!

Foto: Dr Anton Ferreira (matriek, 1962), me Sophie Vosloo, dr Susan Vosloo, Lila en Nina Ferreira.

# JAN VAN RIEBEECK TONEELGROEP




Jan van Riebeeck se toneelgroep voer die drama, **Die Niks**, uit.

Die storie is 'n moderne weergawe van Josef se verhaal. Dit spreek temas soos andersheid, verraad, verwerping en rou aan.

Dié produksie en span is onder die top 15 van die land en tree 5 Oktober in die Kunstekaap teater op by die ATKV nasionale tienertoneelkompetisie se finale.

4 – 5 Oktober tree al die top skole op.

6 Oktober kan die top 5 gesien word.


7 Oktober ding die top 2 skole teen mekaar mee.

Bespreek jou kaartjie by Computicket.

Verdere toekennings ontvang deur hierdie toneelgroep by die Durbanville-streeksfees van die ATKV-tienertoneel sluit in:

- Algehele Tweedeplek

  (Die wenproduksie was Hoër Meisieskool Bloemhof met "Wag, ek kry gou my foon [en sulke goed]" en derdeplek is geneem deur Hoërskool Durbanville, met die produksie, "Die Eindelose Konstellasies - 'n gedagtedroom")
- Silwer vir choreografie en kostuum-ontwerp
- Silwer vir Casey Hawkins se poppespel van die hengelvis.




Baie geluk en baie sterkte!

## Akademie

**Professor Johannes Fagan (matriek, 1976)**



**Professor Johannes Fagan** het nóg 'n toekenning vir sy uitstaande werk in die veld van otorinolarangologie ontvang.

Dié professor van die Universiteit van Kaapstad is een van ses oor, neus en keel chirurge wat onlangs 'n goue medalje ontvang het by die Internasionale Federasie van Otolaringologie-Vereniging by sy vierjaarlikse Wêreldkongres wat Junie 2017 in Parys gehou is.

Die toekenning was in erkenning van Fagan se bydrae tot oor neus en keelkunde op internasionale vlak.

**Professor Marthán Bester (matriek, 1966)**

Vroeër vanjaar is 'n baie spesiale boek, *Cat hunter, sealer legacy*, geredigeer deur Nico de Bruyn en Chris Oosthuizen, bekendgestel. Hierdie boek vier **Professor Marthán Bester** se nalatenskap oor die loop van die afgelope vier dekades. Wat selfs meer merkwaardig is, is die feit dat die redigeerders die bestaan van hierdie publikasie 'n geheim van Professor Bester gehou het. Gevolglik het Professor Bester met die aand van die bekendstelling nie die geringste benul gehad dat hy by 'n lokaal sou instap gevul met kollegas en aanhangers oor sy hele loopbaan heen nie. Hierdie mense het almal bymekaar gekom ter viering van die bekendstelling van 'n boek gewy aan die sy merkwaardige nalatenskap in die wetenskap en bewaringsveld. Hierdie boek handel oor die kleurvolle en invloedryke 40-jarige eilandloopbaan van Professor Bester as katjagter en robbewaarder op die Gough- en Marioneiland. Om hierdie boek vol verrykende verhale te koop, gaan na http://www.marionseals.com/blog/2017/3/26/cat-hunter-sealer-legacy-book-published.

**Dr Elleunorah Allsopp (née Marais, matriek, 1977)**

67 Oudleerders van Jan van Riebeeck het by die Universiteit Stellenbosch se Desember 2016 en Maart 2017 gradeplegtighede gegradueer, waarvan vyf studente hulle PhD's ontvang het. Dr Elleneunorah Allsopp het haar doktorsgraad in Entomologie verwerf. Baie geluk! Dr Allsopp het die eerste keer met haar studie-onderwerp, die uitheemse westelike blomblaaspootjie (*Frankliniella occidentalis)* te doen gekry toe sy in 1999 die voorkoms van dié insekte by tafeldruiwe in die Heksriviervallei bestudeer het. Twee verdere projekte wat deur die Suid-Afrikaanse steenvrugtebedryf ondersteun is, het vrugbare inhoud tot haar doktorsgraad verleen.

Sy't dit op 57-jarige leeftyd verwerf, op 'n ouderdom wanneer baie ander mense dalk al eerder begin aftreeplanne maak. Haar tesis is so te sê die kulminasie van 'n loopbaan van by die 34 jaar wat gewy is aan die planmaak rondom hoe om landbouverwante peste in wingerde en op sagtevrugteplase te beheer en te bestry.



*"Het jy al ooit 'n blom soos 'n aster oor jou hand uitgeskud, en sulke donker of strooikleurige strepies sien kriewel, skaars 1,5 mm groot? Dis heel moontlik blaaspootjies daardie. Sou jy dié insekte verder onder die mikroskoop beskou, sal jy sulke kleine blasies op hul pote sien."*

# SPORT

## Oloff van Zyl



Oloff van Zyl (matriek, 1986), 'n Meestersatleet, is al bekroon op provinsiale, interprovinsale, nasionale en internasionale vlak. Hiermee saam is hy ook 'n uitblinker in die veld van landloop.

En hy ploeg terug! Op 14 Oktober gaan hy betrokke wees by die atletiekkliniek en met die leerlinge kom werk in terme van atletiektegniek nie, maar ook gesels oor dit wat van 'n atleet vereis word om op nasionale en internasionale vlak sukses te behaal.

Ons sien uit daarna dat Oloff sy storie met die Jan van Riebeeck-familie kom deel.

# Drama




## Lea en Trix Vivier (matriek, 2009 & 2006)

**Lea en Trix Vivier**, beide oudleerders, maak opslae by die Silwerskermfees! Trix was te sien in Versnel, wat as Beste Kortfilm (12 minute) aangewys is en Lea Viviers wen die toekenning vir Beste Aktrise in 'n speelfilm (Wonderlus, foto regs)

(JvR se 2016 ATKV-toneelstuk, Die Maan val bewusteloos, is ook vir die fees herskep en verfilm, en Nico Scheepers het weggestap met die toekenning vir Beste Regisseur vir 'n Kortfilm. **Baie geluk!**)



> "Sy kan dit steeds nie glo nie. "Ek is eintlik oorweldig. Ek het dit geensins verwag nie!" Die pragtige Lea Vivier, 'n Kaapse boorling, is verlede Saterdag as beste aktrise bekroon by kykNET se sewende Silwerskermfees in Kampsbaai, Kaapstad. Haar karakter? 'n Waitress, op soek na haarself, in die millenniër-fliek Wonderlus."
>
> "Om 'n aktrise te wees vloei in haar are. Haar ma, Adri, is 'n Afrikaans- en drama-onderwyser, en haar ouer suster, Trix, is ook 'n aktrise. Trix sal in Oktober in die nuwe kykNET-reeks Waterfront te sien wees. Hul jonger suster, Meije, studeer medies aan die Universiteit Stellenbosch."
>
> Hier regs is die drie Vivier-susters: van links is Lea, Meije en Trix.

– *Sarie* het hierdie onderhoud met Lea gevoer. Lees gerus meer by:

http://www.sarie.com/bekendes/het-jy-gehoor-bekendes/wie-is-lea-vivier/

Ludwig Binge (matriek, 2007)



Alhoewel albei van **Ludwig Binge** se ouers in die vermaakbedryf werk (die vervaardiger, Herman Binge (matriek, 1971) en aktrise, Joanie Combrinck), het hulle vir Ludwig aangemoedig om eerder nié 'n akteur te word nie.

Hierdie pogings het hom gelukkig nie gekeer nie en het ons al vir Ludwig in talle verhoog- en televisieproduksies gesien. Hierdie sluit onder andere in: Op Dees Aarde, Kind Hamlet, Balbesit en Tjop en Dop, en Bolandmoorde.

Hy het ook onlangs die karakter, Hein, in die nuwe fliek *Johnny is nie dood nie*, vertolk waartydens hy met sy pa as vervaardiger gewerk het. Hierdie film het 'n uitmuntende 7 toekennings by die 2016 Silwerskermfees ingepalm, insluitend, beste Speelfilm.

Baie geluk, Ludwig, ons sien uit om jou loopbaan dop te hou en jou suksesse saam te vier.

# JAN VAN RIEBEECK ENTREPRENEURKLUB



Meneer Jan Schoombie kom op 11 Oktober met die Gr 10, 11 en 12 leerlinge wat Besigheidsstudies neem praat. Hy is 'n oudleerling en het matrikuleer in 1992.

Hy gaan oor verskillende aspekte van besighede praat wat onder andere insluit:

- Wat is die verskil tussen entrepreneurskap en intrapreneurskap?

- Ek het 'n fantastiese idee, maar wil ook gaan swot: wat moet ek doen?

- Wat maak 'n besigheid suksesvol?

- Hoe word nuwe besighede befonds?

- Die rol van tegnologie.

Meneer Schoombie het wye ervaring in die besigheidswêreld wat die volgende insluit:

- Stigter en hoof uitvoerende beampte van die beleggings- en konsultasiemaatskappy, Create Optimal Group Pty Ltd.
- Stigter en hoof uitvoerende beampte van Fit Money Pty Ltd
- Die begin van twee nuwe besigheide in MMI (Metropolitan / Momentum)
- Finansiële hoof by Fundamo (wat deur Visa gekoop is vir $110m)
- Die begin van drie nuwe besighede vir Eerste Nasionale Bank (FNB)

**Baie geluk aan al die alumnipresteerders en ook dankie aan daardie betrokke by die skool.**

**Daar is immers nog báie presterende oudleerders wat in die komende nuusbrokkies bekendgemaak en gevier sal word.**